

Sondag 3 September

Skrifgedeelte: Matteus 26:29; Openbaring 19:5-10

Fokusgedeelte: Openbaring 19:7; HK Sondag 28, Antwoord 77

Die nagmaal en die bruilofsmaal van die Lam

Die nagmaal wys nie net na die verlede nie, maar ook na die toekoms. Dit blyk duidelik daaruit dat Christus by die instelling van die nagmaal gesê het: “Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink” (Matt. 26:29).

Met hierdie woorde wys Christus heen na die glorieryke dag van sy wederkoms wanneer Hy al sy kinders by die bruilofsmaal van die Lam sal versamel. Dan sal alles nuut wees: die wyn sal nuutgemaak wees, maar ook die omstandighede waaronder dit gedrink word, sal nuut wees. Die nuwe sal ook daarin bestaan dat almal wat aan Hom behoort dan sonder sonde sal wees – vry van alle smet en skuld.

In Openbaring 19 hoor ons hoe daar met halleluja-geroep aangekondig word dat die bruilof van die Lam gekom het en dat sy vrou haar gereedgemaak het.

- Dan gaan die innerlike gemeenskap met Christus aan die nag-maal ook oor in ’n uiterlike gemeenskap met Hom aan die brui-lofsmaal.
- Dan sal daar nie meer gemeenskap met sy lyding en sterwe wees nie, maar met sy heerlijkheid en die ewige lewe.
- Dan het die bruid van Christus sy vrou geword (vgl. 2 Kor. 11:2). Die bruid van Christus het geweier om enige gemeenskap te hê met die Antichris en “Babilon die Groter, die moeder van die prostitute en al die afskuwelikhede van die aarde” (Op. 17:4, 5 – 2014-vertaling). Onder vervolging en verdrukking het sy as bruid aan haar Bruidegom vasgehou en gedrink uit die beker van sy lyding wat Hy gely het toe Hy die bruidsprys vir haar betaal het. Daarom kan sy aan die bruilofsmaal van die Lam drink uit die beker van sy heerlijkheid ... tot in ewigheid.

Christus wil hê dat ons by die nagmaal nie net moet dink aan sy lyding en sterwe vir ons verlossing in die verlede nie, maar ook aan die groot heerlijkheid wat daar op ons wag by die bruilofsmaal van die Lam. Daarom het Christus uitdruklik beveel dat ons die nagmaal moet vier totdat Hy kom (1 Kor. 11:26). Dit moet ons voortdurend na Christus se wederkoms laat uitsien. Trouens, die fees waarheen die nagmaal wys, kan beskou word as die doel en hoogtepunt van die al hoe meer toenemende eenheid en intimiteit van Verlos-ser en verlostes. Dit sal ’n heerlike, ewigdurende samesyn wees – die heerlik-ste vervulling van die beloftes van die evangelie.